SimpleStudy®

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT


## GRAAD 11

## NOVEMBER 2020

# GEOGRAFIE V2
# BYLAE
# EKSEMPLAAR

Hierdie bylae bestaan uit 7 bladsye.

**FIGUUR 1.3: EKONOMIESE AANWYSER VAN ONTWIKKELING**




[Bron: internationalmoneyreform.org/news]

**FIGUUR 1.4: GLOBALISERING**

**ʼn Epidemie van globalisering – en die globalisering van ʼn epidemie**
03 Apr 2020 20:11
**John Luiz**

Die buitengewone gebeure wat verband hou met die verspreiding van die COVID-19-virus gedurende die afgelope paar maande, het verskeie swakpunte in verband met globalisering beklemtoon. Ons het hieruit voordeel getrek, maar met COVID-19 ervaar ons een van die vele nadele verbonde aan hierdie model. Ons het die globalisering van ʼn epidemie gesien – nou ʼn pandemie – wat geen grense respekteer nie. In baie opsigte was ons gelukkig dat iets wat ooreenstem met hierdie skaal nie vroeër gebeur het nie, ondanks dat daar voorheen sprake van was.

Die ander perspektief is die epidemie van globalisering self en wat blootgestel is as gevolg van hierdie virus. Die voordele van globalisering in vervaardiging het koste verlaag en spesialisasie gefasiliteer wat met vermeende mededingende voordele saamgaan, vergemaklik.

Om twee voorbeelde te gee: Die reuse Boeing 787 Dreamliner het massiewe aanlegte in Italië, Japan en die Verenigde State wat die saamgestelde rompvate en vleuels uit een stuk vervaardig, en hierdie aspekte moet oor die hele wêreld gesinchroniseer en geïntegreer word. ʼn Belangrike Amerikaanse skootrekenaar vervaardig sy LCD-skerm in Suid-Korea of Taiwan, die mikroprosessor en moederbord in China, die geheue in Japan, die hardeskyf in Singapoer, Thailand of die Filippyne, en die battery in Maleisië of Mexiko.

[Bron: www.fin24.com]

**FIGUUR 1.5: GEMEENSKAPSONTWIKKELING**

## VERONICA BOU 'N HUIS MET TAMATIES

Veronica Sianchenga was een van die eerstes in haar dorp wat die Mosi-o-Tunya, 'n goedkoop besproeiingstelsel wat in Zambië vervaardig word, gekoop het. Dit kos minder as die ingevoerde pompe en lewer 'n hoër opbrengs omdat dit ontwerp is vir die spesifieke plaaslike topografie van landelike Zambië. Met behulp van Mosi-o-Tunya het Veronica se familie reeds die vrugte begin pluk van 'n bykomende inkomste uit besproeiingsprodukte danksy IDE se skakels met groothandelaars en spyseniers in Livingstone.

Harde werk en skerp ondernemingsinstinkte het tot 'n verbeterde lewensgehalte vir Veronica en haar gesin gelei. As gevolg van 'n toename in produktiwiteit en verkope, kon sy in minder as een jaar 'n nuwe huis bou en haar kinders skool toe stuur.





Die loopvlakpomp is maklik om te gebruik en kan water vanaf 'n put of 'n rivier pomp en kan ook maklik vervoer word.

[Aangepas uit http -/hvw w. ideorg.org/OurResults/SucœssStories'Veronica.aspx]


Kopiereg voorbehou

## FIGUUR 2.3: HULPBRONNE EN EKONOMIESE ONTWIKKELING




[Bron: cartoonimage.com]

## FIGUUR 2.4: KONVENSIONELE ENERGIEBRONNE




[Bron: www.satsssa.gov.za]


**FIGUUR 2.5: NIE-KONVENSIONELE ENERGIEBRONNE**




[Bron: dreamstime.com]

## AFDELING B: ALGEMENE INLIGTING OOR HARTBEESPOORTDAM

Koördinate: 25° 44′ 39″ S, 27° 53′ 58″ E




**Hartbeespoortdam** (ook bekend as *Harties*) is ŉ boogtipe dam wat in die Noordwes-provinsie van Suid-Afrika geleë is. Dit lê in ŉ vallei suid van die Magaliesberg-bergreeks en noord van die Witwatersberg-bergreeks, ongeveer 35 kilometer noordwes van Johannesburg en 20 kilometer wes van Pretoria.

Die dam is oorspronklik ontwerp vir besproeiing, wat tans die primêre gebruik is, asook vir huishoudelike en industriële gebruik.

Die dorp bestaan uit vakansiehuise en permanente wonings rondom die dam, want dit is gewild onder besoekers van die nabygeleë Gauteng provinsie.

Hartbeespoort-kabelbaan is die langste eenweg kabelbaan in Afrika.

**FIGUUR 3.4: FEITELÊER OOR HARTBEESPORTDAM**

### FEITELEÊR – Hartbeespoortdam-area 2527 DB.

Hartbeespoortdam het die afgelope paar jaar uitgebrei. Wat vroeër Hartbeespoortdam genoem is, is nou ŉ versameling voorstede wat Schoemansville insluit – die oorspronklike dorp – asook Kosmos, Meerhof, Melodie en Ifafi.

[Bron: <www.en.climate-data.org>]

**FIGUUR 3.6: HARTBEESPOORTDAMWAL**



Kopiereg voorbehou